**Woensdag 15 November**
**Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:8-12**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:9**
**Julle is GEROEP!**

Nie minder nie as vyf maal word in hierdie Petrusbrief ’n appèl gemaak: Julle is deur God GEROEP om in ’n hooplose wêreld hoop te bring. Geroep … tot heilig wees (1:15), na die lig om verlossing te verkondig (2:9), om lyding te verdra (2:20-21), tot die ewige heerlikheid (5:10).

In ons fokusgedeelte val die klem op hoe ons teenoor mekaar moet leef. Ons is GEROEP om mense wat ons kwaad aandoen, te seën! So het Jesus in die Bergrede gepreek: “Seën die mense deur wie julle vervloek word” (Luk. 6:28).

Wat ’n verskil kan ons nie maak nie! In ’n wêreld waar haat en nyd heers, wraakgierigheid, selfsugtige begeertes, hoogmoed en allerlei lelike gesindhede wat mense uitmekaar dryf, behoort die kinders van die hemelse Vader ’n helder lig van hoop uit te straal. Binne die gemeentes behoort lidmate eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig en nederig te wees. Dit moet oorspoel na ander buite die kring van gelowiges.

Ons leef as begenadigdes wat God se liefde in Christus ontvang het. Hy het ons geseën toe ons veroordeel moes word. Christus was bereid om te ly, maar terselfdertyd vir sy vyande te bid. In heilige regverdigheid het God se liefde vir sondaars geseëvier. Hy is so anders as die voorstelling van ander wraaklustige afgode, wat met magswellus wil heers.

Daarom is ons GEROEP om die lieflike geur van sy lewegewende heiligheid en goedheid te versprei. Nie kwaad met kwaad vergeld nie, nie terug beledig nie, nie vervloek nie – nee, seën, soos wat jy seën ontvang het!

*Sing: Psalm 134-1:4*

*Dr. WC Opperman (Callie) (emeritus)*